LA ROCHELLE
PREPARATORY SCHOOL
VOORBEREIDINGSKOOL
Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

| LYS VAN DOKUMENTE<br>2026 | |
|---|---|
| **Naam van leerder:** ____________________ | |
| Aansoekvorm | |
| Toelatingsvorm | |
| Toelatingsbeleid en algemene skoolreëls | |
| Toestemmingsvorm: Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI-wet) | |
| Vertroulike leerder-inligting | |
| Onderneming deur ouers / voogde | |
| Persoon verantwoordelik vir betaling | |
| Vrywaringsvorm met betrekking tot Leerderfoto's/beeldmateriaal/videos | |
| Gesertifiseerde afskrif van geboortesertifikaat | |
| Gesertifiseerde afskrif van **ten minste een** ouer/pleegouers se identiteitsdokument | |
| Afskrif van kliniekkaart / Road to Health Immunisasierekord | |
| Ontwikkelingsfonds-fooi 2026 (bewys van betaling) | |

vorm 1

Dui asseblief aan of u kind Nasorg gaan bywoon:

JA

Indien Ja,dui asb aan:
Halfdag/Voldag
(omkring asb.)

NEE

Slegs vir kantoorgebruik:

Klas / Gr: ____________

Begin datum: ____________

# LA ROCHELLE VOORBEREIDINGSKOOL

## AANSOEK OM TOELATING

## TOELATINGSDATUM: 2026

### LEERDERINLIGTING

| | | | |
|---|---|---|---|
| WAAR HET U VAN LA ROCHELLE VOORBEREIDINGSKOOL GEHOOR? | | | |
| Van | | Geboortedatum | |
| Volle name | | Noemnaam | |
| Huistaal | | Geslag | |
| Identiteitsnommer | | Kerkverband | |
| **Naam van vorige skool** | | Tel no van skool | |

### MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vorige siektes/operasies | | Allergieë | |
| Huisdokter | | Tel no | |
| Mediese Fonds | | Lidnommer | |

### INLIGTING VAN OUERS

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Huwelikstatus | Getroud | | Geskei | | Ongetroud | | Enkelouer | | Vervreemd | | Woon saam | |

| **BESONDERHEDE** | **VADER** | **MOEDER** |
|---|---|---|
| Van | | |
| Naam | | |
| Identiteitsnommer | | |
| Woonadres | | |
| | | |
| Posadres | | |
| | | |
| Tel no (w) | | |
| Selfoonnommer | | |
| Epos-adres | | |
| Naam van werkgewer | | |
| Beroep | | |

**Kontakpersoon in die geval van nood (indien ouers nie beskikbaar is nie)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam | | Tel no | |
| Verwantskap aan leerder | | | |

**<u>VERKLARING – Ek/Ons, die ondergetekende(s), verklaar dat:</u>**

1. Die inhoud van die aansoekvorm korrek ingevul is.
2. Ons kennis neem van die skool se reëls en toelatingsbeleid.
3. Ons onderneem om te hou by die gedragskode, reëls, beleid, sowel as om die etos en karakter van die skool te eerbiedig.
4. Ons onderneem om die onderriggelde, soos jaarliks vasgestel, te betaal.
5. Alle moontlike voorsorg sal getref word om ongevalle, ongelukke of beserings te vermy, maar sou 'n kind tydens skoolure of op 'n uitstappie tydens skoolure beseer word, sal die skool, sy Beheerraad en personeel vrygespreek word van alle onredelike verantwoordelikheid.

Voltooiing van hierdie aansoekvorm dien nie as waarborg dat u kind tot die skool toegelaat sal word nie.

**Ek/ons aanvaar die aansoekvoorwaardes en onderneem om gelde te betaal soos deur die skool se Beheerraad bepaal.**

**Die bydrae tot die Ontwikkelingsfonds van R1000 is betaalbaar voor toelating tot die skool en jaarliks daarna.**

**Sou u besluit om u kind se aansoek te kanselleer, sal die fooi NIE TERUGBETAAL WORD NIE.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Handtekening: Ouer/Voog** | | **Datum:** | |

# LA ROCHELLE

PREPARATORY SCHOOL
VOORBEREIDINGSKOOL
Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

**TOELATINGSVORM 2026**

Hiermee aanvaar ek, ______________________________ (volle naam van ouer/voog)

woonagtig te ______________________________ (fisiese adres)

toelating vir ons kind ______________________________ (naam van leerder)

tot La Rochelle Voorbereidingskool, vanaf ____________________ (datum).

Ek/Ons onderneem om La Rochelle Voorbereingskool se Algemene Riglyne stiptelik na te kom en om die **skoolgelde**, soos deur die skool se Beheerliggaam bepaal en in die Algemene Riglyne uiteengesit, **stiptelik te betaal.** Met voltooiing en ondertekening van hierdie toelatingsvorm onderneem ons om die skoolgelde **voor die derde van elke maand** vooruit te betaal. Indien nie, aanvaar ek/ons 'n 10 % rente heffing op die uitstaande skoolgeld.

Ek/Ons aanvaar ook hiermee dat die Beheerliggaam die reg het om die leerder verdere **onderrig by La Rochelle Voorbereidingskool te weier**, indien ons versuim om die uitstaande bedrae te vereffen.
In die wete dat alle moontlike voorsorgmaatreëls by die skool getref sal word, aanvaar ons dat hierdie toesig op die uitsluitlike risiko van my seun / dogter onderneem word.
Ek/Ons in my bogenoemde sowel as my persoonlike hoedanigheid, my eksekuteure, my eggenote en voormelde kind, die Wes-Kaap Departement van Onderwys, die skoolhoof en personeel asook Bestuursraad van die skool hiermee vrywaar en kwytskeld van enige en alle eise van welke aard ook al, asook enige en alle verlies of skade aan eiendom sowel as liggaamlike beserings van my voormelde kind, wat mag ontstaan of voortspruit uit enige en alle bedrywighede voormeld.
Ek/Ons neem kennis dat die skoolhoof en personeel sulke voorsorg, as redelik in die omstandighede blyk te wees, vir die veiligheid en welvaart van my kind sal tref.

Ek/Ons neem kennis van die reëls en regulasies en sal hierdie reëls nakom, soos neergelê deur La Rochelle Voorbereidingskool.

**NAAM VAN OUER / VOOG:** ______________________________

**HANDTEKENING:** ______________________________

**DATUM:** ______________________________

**LA ROCHELLE**

PREPARATORY SCHOOL

VOORBEREIDINGSKOOL

Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

# TOELATINGSBELEID EN ALGEMENE SKOOLREËLS 2026

## Beheerliggaam

La Rochelle Voorbereidingskool staan onder die beheer van 'n verkose beheerliggaam, gekies uit ouers en personeel van die skool. Slegs ouers met 'n leerder in die skool is verkiesbaar en mag op die beheerliggaam dien. Hierdie beheerliggaam beheer die fisiese en finansiële aspekte van die skool.

## Toelating

Leerders in Graad R en Graad 1, mag nie die graad herhaal nie, behalwe in gevalle waar dit aanbeveel word deur die klasonderwyser, Skoolhoof en deur die WKOD goedgekeur is. Alle nodige intervensie moet ook in plek wees. Die finale goedkeuring van alle toelatings berus by die Beheerliggaam van die skool.

## Taalkeuse

Voorsiening word gemaak vir onderrig slegs in Engels en Afrikaans.

## Godsdiens

'n Waardes, sosiale- en emosionele program word aangebied. Wedersydse respek vir verskillende kulture en geloofsoortuigings word vir ons leerders aangeleer.

## Skoolfooie

Skoolfooie word jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal en ouers moet skriftelik onderneem op watter wyse skoolfooie betaal sal word. Skriftelike kennisgewing dat 'n leerder die skool en/of nasorg gaan verlaat, moet minstens **'n maand vooruit geskied**. Skoolfooie is maandeliks betaalbaar, voor/op die 3de van die volgende maand.

## Skoolure

Leerders kan soggens vanaf 07:00 afgelaai word, en die amptelike dagprogram-tye is as volg:

| | |
|---|---|
| 2 – 3 / 3-4 jaar | 08:00 tot 12:00 |
| Pre-Gr. R | 08:00 tot 12:20 |
| **Gr. R** | **07:30 tot 12:45 (verpligte skooljaar)** |
| **Gr. 1** | **07:30 tot 13:15 (verpligteskooljaar)** |

Leerders moet asb. soggens **betyds** by die skool afgelaai word. Ouers moet self vervoerreëlings tref, en nie die personeel vra om reëlings namens hulle te tref nie. Leerders moet asseblief stiptelik na skool gehaal word, aangesien personeel nie later as bogenoemde tye vir leerders verantwoordelik is nie. Daar word van leerders verwag om die skool **gereeld by te woon.**

## Siektes/Medisyne/Afwesigheid

Kleuters wat baie hoes, griep, koors of 'n aansteeklike siekte het, moet uit die skool gehou word totdat die siektetoestand opgeklaar het. Indien 'n leerder afwesig is, moet u asseblief die klasjuffrou in kennis stel teen 09:00. Indien leerders by die skool ongesteld raak, moet ouers die leerders onmiddellik kom haal in geval van 'n hoë koors, braak, diaree of kopluise. Enige medikasie wat skool toe gestuur word moet aangeteken word in die kantoor. Kroniese medikasie word ingevul op 'n spesiale vorm bv. asma pompies, allergie-medikasie, ens.

## Kleredrag

Kleredrag is informeel tot Gr. R en formeel vanaf Gr.1. 'n Ekstra stel klere moet in elke leerder se sak saamgestuur word skool toe. Dogters mag nie skoene met hakkies dra nie, maar wel gemaklike plat skoene. Geen juweliersware word toegelaat nie. Lang hare moet vasgemaak word. Dogters wat rokke/rompe dra

Vorm 4

moet 'n gemaklike kortbroek onderaan dra om beweging te vergemaklik. Alle klere en ander artikels moet asseblief duidelik met die leerder se naam gemerk wees.

**Selfone**
Geen selfone word by die skool toegelaat nie.

**Verversingstyd**
Leerders word aangemoedig om 'n gesonde toebroodjie, vrugte, water en sap skooltoe te bring. Geen lekkers, koek, koekies of gaskoeldrank word toegelaat nie. Dit sluit in sjokolade muffins, Tinkies, "chips" en ander lekkernye. Stuur asb. elke dag 'n bottel met water saam.

**Speelgoed**
Leerders mag onder geen omstandighede hul eie speelgoed skool toe bring nie - tensy deur die onderwyseres aangevra. Speelgoed word deur die juffrou gebêre en terug gestuur huis toe.

**Persoonlike inligting veranderinge**
Stel asseblief die skool onmiddellik in kennis van enige adresverandering, nuwe telefoonnommers, asook die naam van 'n nuwe werkgewer.

**Finansies**
Alle gelde wat skool toe gestuur word **MOET** in 'n toegeplakte koevert met die volgende inligting duidelik gemerk daarop: **Naam van leerder, bedrag geld ingesluit, waarvoor die geld is.** Geen gelde moet in 'n leerder se tas of plastiek koevert skool toe gestuur word nie.

**Parkering**
Ons dra die veiligheid van ons leerders op die hart en daarom vra ons u vriendelike samewerking. As u by die skool parkeer, maak asb. seker dat leerders voor om die motors beweeg en nie agterom nie, en dat leerders nie die geparkeerde motors met hul tasse krap nie. Kinders MOET deur ouers by die skool se hek ingebring word. Geen kind mag alleen hek toe stap en wag nie.

**Hek**
Ons ingangshek moet asseblief ten alle tye TOE gehou word.

**Ongevalle of beserings**
Behalwe in gevalle waar die skool, beheerliggaam of personeel en WKOD nalatig of opsetlik opgetree het, is die volgende van toepassing: alles moontlik word gedoen om ongevalle of beserings by die skool te voorkom, maar indien 'n leerder wel tydens skoolure beseer word, kan die skool, beheerliggaam of personeel en WKOD van die skool nie verantwoordelik gehou word nie.

**Ouerbetrokkenheid**
Daar word van alle ouers verwag om aktief aan die skoolbedrywighede deel te neem en die skool te ondersteun. Ouers is welkom om enige probleme te kom bespreek. Alle gesprekke sal as streng vertroulik beskou word. Positiewe voorstelle van ouers sal hartlik verwelkom word. Ouers mag nie ander as hul eie leerders persoonlik aanspreek nie. Alle klagtes moet eers onder die Skoolhoof se aandag gebring word.

**Leerders met spesiale behoeftes**
Alhoewel La Rochelle Voorbereidingskool graag alle kinders wil akkomodeer het ons ongelukkig nie al die nodige opleiding, fasiliteite en personeel om leerders met spesiale behoeftes te akkomodeer nie. Die leerder ly soms self daaronder asook die juffrou en ander leerders in die klas. Indien ons wel 'n kind met spesiale behoeftes probeer akkomodeer verwag ons dat die ouers hul volle samewerking sal gee t.o.v evaluasies, terapie, medikasie en leerder-ondersteuning. Sou daar geen vordering plaasvind of die ontwikkeling van die leerder en ander leerders belemmer of verhoed word, kan die skool aanbeveel of vereis dat onderrig by 'n meer gepaste leerinstansie voortgaan.

______________________________          ______________

**Handtekening van ouer/voog**          **Datum**

Vorm 4

LA ROCHELLE

PREPARATORY SCHOOL

VOORBEREIDINGSKOOL

Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

**Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)**

**Toestemming om persoonlike inligting te gebruik**[1]

Vorm 5

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, ........................................................ (ouer naam en van), hiermee La Rochelle Voorbereidingskool vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder ........................................................ (leerder naam en van), te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat La Rochelle Voorbereidingskool persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:

---

[1] Hierdie vorm moet in samehang met die *Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting* gelees word.

- Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
- Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
- Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
- Indien verwerking 'n regmatige belang van die data subjek beskerm.
- Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
- Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

**U regte ingevolge hierdie toestemming**

U het die volgende regte:

- *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak.* Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
- *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- *Die reg om u toestemming terug te trek.* U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

Vorm 5

**Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang**

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

**Merk asseblief u antwoord hieronder:**

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

____________________________ ______________

Handtekening van ouer/voog Datum

## VERTROULIKE LEERDERINLIGTING 2026

### ALGEMENE INLIGTING

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Leerder se volle naam & van | | | | | |
| Geboortedatum | | | | | |
| Huweliksstatus van ouers | Getroud | Ongetroud | Geskei | Enkelouer | Woon saam |

Uit 'n getal van______kinders in die gesin is u kind die 1ste, 2de, 3de, 4de kind

### GEBOORTE / KLEUTERJARE

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Swangerskap | Normaal | | Komplikasies | | | |
| Geboorte | Normaal | | Keisersnee | | Komplikasies | |
| Was hy/sy mylpale normaal (loop,praat) | | | Indien nie, spesifiseer | | | |
| Algemene gesondheid as baba | | | | | | |

### MEDIESE GESKIEDENIS

| | |
|---|---|
| Siektes wat u kind gehad het | Waterpokkies / Witseerkeel / Ingewandskoors / Masels / Pampoentjies / Duitse Masels |
| | Skarlakenkoors / Kinkhoes / Bilharzia / Malaria / Senuweeonttrekkings / Meningitis |
| | Sinkingskoors (rumatiek koors) |
| Meld enige ander siekte waaraan u kind gely het of nog het | |
| Meld (indien enige) operasies wat u kind ondergaan het, wanneer en waarvoor | |
| Gebruik u kind enige chroniese medikasie? En waarvoor? | |
| Allergieë? | |
| Enige blaasprobleme? | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Engie probleme met | Gehoor? | | Het hy/sy pypies gekry? | |
| | Oë? | | | |

### SOSIALE ONTWIKKELING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Was u kind in 'n speelskool | | Naam van speelskool | |
| Pas hy/sy maklik by maats aan | | | |
| Watter rol speel hy/sy in 'n groep | Dominerend / Inskiklik / Veeleisend / Aggressief / Skaam / Meededeelsaam / Kan nie deel nie | | |
| Kan hy/sy hom/haarself besig hou / op eie speel | | | |

### EMOSIONELE ONTWIKKELING

| | |
|---|---|
| Algemene geaardheid | Liefdevol / Afsydig / Soek aandag / Gehoorsaam / Ongehoorsaam / Skaam / Vrymoedig / |
| | Vriendelik / Verdraagsaam / Prikkelbaar / Genoeg selfvertroue / Kort selfvertroue / |
| | Afhanklik van ouers / Onafhanklik van geaardheid |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Selfstandig tuis | Kan self bad | | Aantrek | | Eet | |
| Waar slaap u kind | In eie bed | | By ouers | | Deel kamer | |
| Eet gewoontes | Goed | | Fluktueer | | Swak | |
| Slaapgewoontes | In goeie roetine | | Raak nie op eie aan slaap | | Swak | |

Vorm 6

| TAALVAARDIGHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| Vlotheid van spraak | Vlot / Stotter / Vol sinne / Net woorde / Voldoende woordeskat | | |
| Is hy/sy 'n tweede taal magtig | | Indien wel, watter taal? | |
| Enige spraakgebrek | | | |

| FISIESE VAARDIGHEDE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Is u kind | Regshandig | | | Linkshandig | | |
| Geniet u kind klim en kouter aktiwiteite | Ja | | | Nee | | |
| Fisiese kontak | Vermy u kind dit? | | Hou hy/sy daarvan? | | | |
| Is u kind se bewegings | Rats | | Lomp | | Normaal | |
| Enige tekens van | Hoogtevrees | | Karsiek | | Ander | |

| TERAPIE | | | |
|---|---|---|---|
| Het u kind enige van die volgende ontvang | | | |
| Arbeidsterapie | | Naam van terapeut | |
| Spraakterapie | | Naam van terapeut | |
| Fisioterapie | | Naam van terapeut | |

| ALGEMEEN | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Aanvaar u kind gesag | Goed | Redelik | Meestal | |
| Speel u kind hy/sy ouers teen mekaar af | Ja | Soms | Nee | |
| Is u as ouers eenstemmig oor u kind se dissipline | Ja | Soms | Nee | |
| Het u 'n vaste roetine tuis onder normale omstandighede | Ja | Nee | Meestal | |
| Is u in die algemeen konsekwent in u daaglikse roetine en dissipline | Ja | Nee | Meestal | |
| Kan u kind goed konsentreer | Ja | Nee | Meestal | |
| Indien u van 'n ander geloof is, wat is hierdie verband? | | | | |
| Is daar enige ander inligting wat u van belang ag wat die onderwyseres/skoolhoof moet weet? | | | | |
| | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Inligting verskaf deur: | | | |
| **Handtekening** | | **Datum** | |

LA ROCHELLE

PREPARATORY SCHOOL

VOORBEREIDINGSKOOL

Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

# ONDERNEMING DEUR OUERS / VOOGDE 2026

Ek / ons ______________________________________________ (volle name van ouer)

die ouer/s van ____________________________________________ (volle name van kind)

1. doen hiermee aansoek, vir my kind wie se naam op hierdie vorm verskyn, by **LA ROCHELLE VOORBEREIDINGSKOOL** en bevestig dat hy/sy aan die toelatingsvereistes voldoen.

2. Ek/ons sertifiseer hiermee dat ek/ons wettige toesig van die bogenoemde leerder het.

3. Ek/ons onderneem om die skoolreëls en dissiplinêre kode asook enige veranderinge wat van tyd tot tyd aangebring word, na te kom.

4. Ek/ons bevestig en aanvaar dat die Skoolhoof of gemagtigde onderwyser as loco parentis sal optree gedurende die tydperk wat my kind in hul sorg is.

5. Ek/ons aanvaar dat die skool voorsorg sal tref vir die veiligheid van my kind se eiendom, maar dat die skool geensins aanspreeklik gehou sal word vir enige verlies van eiendom.

6. Ek/ons aanvaar aanspreeklikheid vir enige skadevergoeding wat deur die skool vereis mag word a.g.v. skade wat deur my kind aangerig is.

7. Ek/ons vrywaar die skool, sy werknemers en amptenare teen enige skade, besering of verliese wat deur my kind aan 'n ander veroorsaak is.

8. Ek/ons onderneem gesamentlik om die skoolgelde te betaal en neem kennis van die volgende:

   a) Die skoolgelde is 'n verpligtende bedrag per jaar soos vasgestel deur die ouers en Beheerliggaam.

   b) Skoolgelde is betaalbaar oor 11 maande vanaf einde Februarie tot en met einde November.

   c) Artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat beide biologiese ouers verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde en dat dit met 'n regsproses afgedwing kan word.

   d) Die ouer/voog is verantwoordelik vir enige regs- / prokureurkostes, wat sou ontstaan by die verhaling van agterstallige skoolgelde.

   e) Skoolgelde is vooruit betaalbaar voor/op die 3de dag van elke maand.

9. Ek/ons onderneem om die skool skriftelik in kennis te stel indien my kind die skool sou verlaat (een maand kennis).

10. Ek/ons aanvaar dat ons kind gereeld skool sal bywoon en net afwesig sal wees a.g.v. mediese redes.

11. Ek/ons verstaan dat die skool die reg het om alle inligting na te gaan wat die aansoek vergesel.
In die geval waar valse dokumentasie ingehandig word, het die skool die reg om 'n kriminele klag van bedrog teen die partye wat die aansoek voltooi het te lê.

Vorm 7

12. Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid vir die leerder se vervoer na en vanaf die skool.

13. Ek/ons onderneem om die skool so gou moontlik in kennis te stel indien die leerder nie die dag skool gaan bywoon nie.

14. Ek/ons onderneem om die skool se Toelatingsbeleid en Konstitusie te ondersteun soos deur die Beheerliggaam neergelê.

15. Ek/ons onderneem om die skool dadelik skriftelik in kennis te stel indien my domicillium et executandi sou verander.

16. Die ondertekening van hierdie vorm deur die ouer / voog word beskou as bindend van die dag van toelating van leerder by die skool tot die dag wat die leerder die skool verlaat.

17. Ek/ons onderneem om die verantwoordelikheid te neem vir immunisasie van ons kind teen oordraagbare siektes en normale infeksies, en sal bewys lewer daarvan wanneer die skiool dit aanvra.

18. Ek verleen toestemming dat **foto's** van my kind op die skool se webblad / facebookblad mag verskyn.

**JA** ☐ **NEE** ☐

19. Dit mag gebeur dat die skool 'n versoek rig vir 'n professionele evaluering van 'n leerder. So 'n versoek sal slegs gerig word om die onderwyser/ouer/skool in staat te stel om die leerder beter te kan ondersteun. Ek/ons onderneem om te voldoen aan enige so 'n redelike versoek en stem in om die kostes te dek van die evaluering.
Ek/ons verstaan dat indien ek/ons nie voldoende samewerking gee in hierdie verband nie, die Beheerliggaam my/ons kind verdere onderrig mag weier.

vorm 1

____________________________ ____________________
HANDTEKENING VAN VADER/VOOG DATUM

____________________________ ____________________
HANDTEKENING VAN MOEDER/VOOG DATUM

ADRES: ____________________________

____________________________

____________________________

# PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN FONDSE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **TITEL** | | **VOLLE NAAM EN VAN** | |
| **POSADRES** | | **FISIESE ADRES** | |
| **TEL (WERK)** | | **SELNOMMER** | |

Ek die ondergetekende, ______________________________

ID nommer ______________________________

Ouer / Voog van ____________________

Dat my gekose domicillium dtandi et executandi (adres) as volg is: ____________________

______________________________________________________________

Naam van werkgewer ______________________________

Fisiese adres van werkgewer ______________________________

______________________________________________________________

vorm 8

Hiermee bevestig en verklaar ek die volgende:

1. Dat die inligting vervat in hierdie dokument waar en korrek is.
2. Dat ek onderneem om alle skoolgelde ten opsigte van bogenoemde leerder/s te betaal.
3. Dat ek kennis dra dat alle skoolgeld streng vooruitbetaalbaar is.
4. Dat, indien ek sou versuim om die terme van 'n betalingsooreenkoms met die skool na te kom, die skool geregtig sal wees om onmiddellik alle uitstaande bedrae wat op daardie stadium verskuldig is t.o.v. skoolgelde onmiddellik van my te verhaal.
5. Dat, indien regsaksie vir die betaling van die uitstaande rekening ingestel sou word, regskostes betaalbaar sal wees.
6. Ek stem toe tot die Jurisdiksie van die Landdroshof ongeag die bedrag van die skuldoorsaak of na keuse van die Beheerliggaam van die La Rochelle Voorbereidingskool.
7. Ek bevestig en waarborg dat die bogemelde inligting waar en korrek is en is dit voorts ook bindend van toepassing op persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van hierdie rekening.

**GETEKEN TE** ____________________ **OP HIERDIE** ________ **DAG VAN** ______________ **20**______.

______________________________________

**HANDTEKENING (PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING)**

LA ROCHELLE

PREPARATORY SCHOOL

VOORBEREIDINGSKOOL

Enter to learn and discover

(021) 300 3490 | larochelleps@imaginet.co.za | 7B Meerlust Street, Oakglen, Bellville, 7530 www.larochellepps.co.za

**VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S**

Ek, ______________________________ **(volle naam van ouer/voog)** van ______________________________ **(volle naam van leerder)** verleen hiermee toestemming aan La Rochelle Voorbereidingskool om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

**Adres:** ______________________________

**Handtekening van ouer/voog:*** ______________

**Datum:** ______________

*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.

# Skoolfooie 2026

| | |
|---|---|
| Ontwikkelingsfonds (tydens registrasie en jaarliks daarna): | R1,000 |
| Skoolfonds per kind vir die jaar 2026 | R24 200 |
| Nasorg: Halfdag per kind vir die jaar 2026 (skoolvakansies ingesluit) | R12 100 |
| Nasorg: Voldag per kind vir die jaar 2026 (skoolvakansies ingesluit) | R18 700 |

| Skoolfonds betalingsopsies: | MAANDELIKS (11maande) | JAARLIKS VOORUIT (voor/op 31Jan) |
|---|---|---|
| Jaarliks vooruit op/voor 31 Januarie 2026 (afslag van toepassing vir vooruitbetaling) | | R22 990 na afslag |
| Skoolfonds per maand: *(betaalbaar vanaf einde Jan - einde Nov voor/op die 3de van die volgende maand)* | R2 200 X 11 maande | |

| Nasorg betalingsopsies: (Middagete ingesluit) | MAANDELIKS (11maande) | JAARLIKS VOORUIT (voor/op 31Jan) |
|---|---|---|
| Halfdag Nasorg jaarliks vooruit op/voor 31 Januarie 2026 (afslag van toepassing) | | R11 550 na afslag |
| Nasorg: (Halfdag tot 15hoo) X 11 maande (betaalbaar vanaf einde Jan - einde Nov voor/op die 3de van die volgende maand) | R1 100 X 11 maande | |
| Voldag Nasorg jaarliks vooruit op/voor 31 Januarie 2026 (afslag van toepassing) | | R18 000 na afslag |
| Nasorg: (Voldag tot 17h30) x11 maande (betaalbaar vanaf einde Jan - einde Nov voor/op die 3de van die volgende maand) | R1 700 X 11 maande | |
| Ad hoc Nasorg per middag (middagete ingesluit) | R60 | |
| Ad hoc Nasorg per halfdag gedurende skoolvakansie tot 12h30 (middagete uitgesluit) | R60 | |
| Ad hoc Nasorg per voldag gedurende skoolvakansie tot 17h30 (middagete ingesluit) | R100 | |

Die R1000 bydrae tot die Ontwikkelingsfonds dien onder meer vir:

*deurlopende opbou en ontwikkeling van fisiese- en skoolgeriewe.

*die bevestiging dat u kind 'n plek in die skool het vir 2026.

*weeklikse bak-en-brou, 3 pret-aktiwiteite gedurende die jaar soos bv. poppekas, towenaar of springkasteel, waarvoor u nie ekstra geld skool toe hoef te stuur in 2026 nie.

*opvoedkundige toerusting, skryfbehoeftes en 'n kuns-voorskoot vir gebruik by die skool